NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

07.01

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Die Ring van Humansdorp

Titel van Projek: Koukamma Evangelisasie Aksie

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Ilanie Rademeyer
Posadres:	Posbus 14, Kareedouw, 6400
E-pos:	sending@telkomsa.net
Faks:	042 2880 351
Tel. (k):	042 2880 351
Tel (h):	042 2880 101
Selfoon:	082 6194 941

Ross Naudé	28 September 2012
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die **oorhoofse projek** is 'n gesamentlike evangelisasie-aksie vanuit die NG Gemeentes Kareedouw en Tsitsikamma. Goeie verhoudinge bestaan tussen ons en ander denominasies en goeie verhoudinge is al met boere, skoolhoofde en ander leiers in die gemeenskap gesmee. Hierdie projek vorm deel van die gemeentes se groter visie van gestuurd wees en word reeds ses jaar suksesvol aangewend. Ons ervaar werklik die Here se seën en die aanvaarding van die gemeenskap.

Die doel van die **oorhoofse projek** is om kinders, jeug, mans, vrouens en ouer persone met die evangelie te bedien, maar ook 'n positiewe en ondersteunende ingesteldheid teenoor sosio-maatskaplike probleme te handhaaf.

Die doel van die **projek waarvoor fondse aangevra word** is drieledig:

- **Leierskamp:** Om die leiers in die skole waar ons betrokke is by 'n naweekkamp te betrek ten einde hul toe te rus met die nodige leierseienskapsvaardighede sodat hul hul posisies in die betrokke skole kan waardig wees. Selfwaarde word dikwels hier ontdek en uitgebou en kennis word opgedoen aangaande voorheen onbekende onderwerpe. Tydens maandelikse besoeke aan skole sal opvolgwerk gedoen word.
- **Kinderkamp:** Om die skoolverlaters van die 5 kleiner skole waarby ons betrokke is by 'n naweekkamp te betrek. Hierdie kamp dien as geleentheid om hul te groet en ook aan hul die geleentheid te gee om 'n keuse vir Jesus te maak. Ons plaaskinders kry hier geleentheid om hul horisonne te verbreed deur blootstelling aan voorheen onbekende plekke en belewenisse. Daar word gebou aan selfbeeld, selfwaarde en selfvertroue. Hulle word vir oulaas herinner aan hoe kosbaar hul vir Christus is.
- **Kamp vir plaaswerkers:** Om die plaaswerkers uit hul omgewing (met dikwels negatiewe invloede) te neem na 'n omgewing waar warmte, aanvaarding en liefde aan hul bewys word

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die genoemde twee gemeentes funksioneer binne die ringsgebied van Humansdorp en dra ons by tot die uitvoering van die Ring se taak in die Westelike gedeelte van die ringsgebied.

Die kinders, jeug, mans, vrouens en ouer persone woonagtig in die omliggende omgewing van die NG Gemeentes Kareedouw en Tsitsikamma is die persone wie baat vind by hierdie projek. Individue en hul gesinne vind baat by die projek. Hul ontwikkeling sal ook moontlik uitkring na die omgewing waar hul woon.

Persone op die plase rondom die Kareedouw en Tsitsikamma gemeentes asook persone in die kleiner gemeenskappe soos: Coldstream, Blueliliesbush, Kwaaibrand, Sanddrif, Thornham, Clarkson en Eersterivier Kruis word betrek. Die mense van Kareedouw self vind ook baat by die projek.

Die persone wie by hierdie projek betrek word, word die geleentheid gegun om te groei in hul geloof en in 'n lewende verhouding met Christus te staan. Hul kry die geleentheid om hul horisonne te verbreed deur blootstelling aan voorheen onbekende plekke en belewenisse. Selfwaarde word ontdek en uitgebou en kennis word opgebou.

. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
• Leierskamp vir die leiers van betrokke skole (± 45 kinders)	Naweek vroeg in die jaar. (Vrydagmiddag tot Sondag)
• Plaaswerkerskamp vir die persone wie binne ons bedieningsgebied woon (± 60 volwassenes)	Naweek – Vrydagmiddag tot Sondagoggend
• Kinderkamp vir die skoolverlaters van 5 kleiner skole waar ons maandeliks betrokke is (± 40 kinders)	Naweek aan die einde van die jaar. (Vrydagmiddag tot Sondag)

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
R. Naudé	NG Gemeente Kareedouw
K. Bohnen	NG Gemeente Kareedouw
W. van der Merwe	NG Gemeente Tsitsikamma
M. van Zyl	NG Gemeente Tsitsikamma
H. du Plessis	NG Gemeente Kareedouw
D. du Plessis	NG Gemeente Kareedouw
M. Naudé	NG Gemeente Kareedouw
N. Scholtz	NG Gemeente Kareedouw
I. Rademeyer	NG Gemeente Kareedouw

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Benodigde toerusting is huidiglik in orde.	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

- Vrywilligers wie behulpsaam is met die vervoer van kampers; voorbereiding van kos en hulp in die kombuis tydens kampe.
- Gebedsvriende vir elke kamp afsonderlik.
- Kundige sprekers of aanbieders vir die onderskeie kampe.
- Kleingroepleiers vir die onderskeie kampe.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Geen	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	**Bedrag**
Reiskoste (Taxi vanaf Tsitsikamma vir kinders vra R400 per keer)	R1000,00
Verblyfkoste (Tariewe van Eersterivier Kampterrein)	R13 375,00
Rekenaaruitgawes	R0,00
Skryfbehoeftes	R100,00
Drukwerk	R125,00
Telefoon	R400,00
Posgeld	R0,00
Verversings (Kos vir die naweek van onderskeie kampe)	R6 000,00
ANDER (Spesifiseer asb)	
• Aanbiedersfooie	R9 000,00
TOTAAL	**R 30 000.00**

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R30 000.000
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	**R 30 000.00**

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
So gou as moontlik na die beskikbaarstelling van die fondse.	R 30 000.00

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die bedrag kan elektronies oorbetaal word.

Rekeningnaam: Die Sendingraad Kareedouw
Tjekrekeningnommer: 1940146255
Bank: ABSA
Bankkode: 334-115

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die projek word baie positief aanvaar deur die onderskeie gemeenskappe en ander denominasies is ontvanklik vir ons betrokkenheid. Navorsing het al bewys dat kampe van groot waarde is vir die betrokkenes en dat dit soms ewigheidswaarde toevoeg tot persone se lewe.
Indien u enige verdere inligting sou benodig, is ons bereid om u hiermee te bedien.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf